

Publieke Deelname Proses - Mokolo en Krokodil Wateraanvullings Projek Fase II

Salomon Pienaar
Nemai Consulting
Posbus 1673
Sunninghill
2157

Geagte heer

Beswaar en opmerkings: Dr. M.C. Mare' (Eienaar: Mooivallei gedeelte 7)

Ofskoon ek die nasionale belang van hierdie projek insien is dit egter so dat soos vir baie ander geafekteerde individue, die projek vir my op persoonlike vlak beswaarlik iets goeds inhou. Persoonlik sou ek graag wou sien dat 'n alternatiewe oplossing gevind word en dat ons area ongeskonde gelaat word.

Ek begryp redes vir die Vliegpoort ontwikkeling soos deur konsultante toegelig, maar lig met hierdie skrywe in breë trekke toe, hoe hierdie ontwikkeling my op 'n idividuele vlak raak en waarom ek nie ten gunste daarvan is nie:

1. Impak op eiendom

- Beplande Fase II infra-struktuur op my eiendom geleë met gevolglike vervreemding oppervlakte, bruikbaarheid en waarde.
- Restante gedeeltes van Mooivallei is oorwegend nou stroke land, en oprigting van infrastruktuur/balanseerdam dwars oor totale breedte van eiendom (ged 7) sny die eiendom in verdere twee dele. Sodoende word weikampe van onderste gedeelte van plaas afgesny en maak dit dus ontoeganlik vir diere om van kraal en hanteringsfasiliteite na die kampe te beweeg en andersom. Bemoeilik ook om van store/huise na kampe te beweeg. In praktyk sal dit die huidige kleinskaal beesboerdery tot niet maak. Ook sal dit toegang na my woonhuis bemoeilik omrede die bestaande toegang pad deur die dam afgesny sal word.
- Die oorgrote oppervlak die eiendom relatief ongerep en uniek daar dit 'n area van vloedvlakte langs die Krokodil rivier, 'n sentrale gedeelte van tipiese bosveld en 'n gedeelte teen die berg beslaan. Verder is dit naby aan Thabazimbi dorp geleë. 'n Onvervangbare kombinasie waarvan die waarde ernstig deur die Fase II ingeperk gaan word.
- Ontwikkeling van die eiendom sal noodgedwonge ontbosting tot gevolg hê wat natuurlike habitat van bestaande wildlopende fauna verder sal inperk.

2. Impak op leefstyl

- As relatiewe nuwe eienaar (3jaar) op Mooivallei was 'n groot oorweging by aankoop van die plaas as eiendom die geleentheid om 'n rustige bestaan buite die dorp as leefstyl aan te neem. Ontwikkeling in die vallei sal seer-sekerlik die bestaande rustige atmosfeer permanent tot nadeel strek.
- Sekuriteit oral in Suid-Afrika en veral op plase is 'n kwessie om nie naief oor te wees nie. Die ervaring in Mooivallei is oor die algemeen redelik postief met min en klein diefstal en intermitterende wildstroping d.m.v. van strikke.

Inwoners geniet tot op hede 'n oorwegend kommervrye bestaan sonder ernstige misdaad. Die ontwikkeling sal noodgedwonge meer mense na die vallei bring vir wat die sekuriteit van betaande inwoners tot nadeel sal strek en substansieel verdere koste tot gevolg sal hê ten einde verhoogde sekuriteits behoefte te bevredig.

- Gedeelte 7 van Mooivallei is relatief ongeskonde wat vir my as eienaar die geleentheid bied om die veld as sulks te geniet. Tans is dit maklik om in enkele minute se stap die gevoel te kry van isolasie in die bosveld. Nagte is nog doodstil en donker. Buiten dat die bruikbare oppervlakte deur Fase II ingekort word sal die onvermydlike oprigting van paaie, kraglyne en dam impak hê op die visuele ervaring en geraas vlakke, wat die huidige belewing van die area sal vernietig.
- Unieke ligging naby die dorp bied geleentheid om die voordele van die plaaslewe te geniet en terselfertyd tog moonlik om in die dorp te werk en voortdurend kan pendel soos my werk vereis. Dit sal baie moeilik wees om hierdie voorreg elders te dupliseer.

3. Impak op persoonlike langer termyn planne

- Die verkryging van eiendom te Mooivallei is gesien as 'n geleentheid om 'n bate anders as gewone dorpseiendom aan te skaf met die verwagting dat dit met die tyd in waarde sal toeneem en so as belegging te dien. Die Fase II ontwikkeling benadeel die eiendom se karakter en waarde sodoende ook die verwagte waarde van die belegging as sodanig.

Op 'n persoonlike vlak benadeel die beoogte Fase II ontwikkeling my aftree beplanning. Die redenasie was die aankoop van 'n plaas, eerder as om in 'n aftree fonds te belê, die geleentheid bied om 'n aftree bate te bekom en dit reeds tussentyds te geniet. Ook bied die ligging die geleentheid om permanent daar te woon en, soos vrye tyd dit toelaat, die eiendom en boerdery stelselmatig te ontwikkel dat dit wel 'n aftree inkomste in 'n tienjaar periode kan lewer. Oor die laaste 3 jaar sedert akwisisie is baie gedoen om plaas toerusting (trekkers en implemente) te bekom sowel as om die veekudde te begin. Welliswaar is my boerdery tot op hede nog slegs 'n uitgawe maar met 'n langer termyn positiewe toekomsverwagting. Die beoogde Fase II ontwikkeling te Mooivallei benadeel my eiendom egter tot so 'n wesenlike mate dat my beplanning toetaal omvêr gewerp word en my bra gedemoraliseer laat. Ek hoop en vertrou dat duidelikheid wat mag kom soos die detail van die projek beskikbaar raak sal help om weer daar rondom te kan beplan.

Ek begryp dat hierdie tipiese besware vir menig geaffekteerde persoon sal uitmaak en voeg gevolglik my stem by daardie koor in die verwagting dat projek leiers die impak van die ontwikkeling op ons as individue en gevolglike teenstand sal waardeer.

Die uwe

MC Mare'
(15/06/2009)